



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvenoot • your knowledge partner

RIGLYNE OOR ETIESE ASPEKTE VAN GEMEENSKAPSINTERAKSIE

In watter verband personeel en studente ook al by gemeenskapsinteraksie betrokke raak, kom hulle voor etiese verantwoordelikhede te staan wat hulle ooreenkomstig die betrokke etiese norme moet nakom.

Gemeenskapsinteraksie aan die Universiteit Stellenbosch (US) behoort ingevolge die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** en alle ander tersaaklike **wette, reëls en regulasies van die land** te geskied.

Daar word boonop van personeellede en studente verwag om hulle deurgaans van die inhoud van **die etiese kodes van die onderskeie dissiplines/gebiede** waarin of -op hulle hulle gemeenskapsinteraksieprojekte onderneem te vergewis, en, in soverre sodanige kodes op hulle van toepassing is, ingevolge daarvan op te tree.

Gemeenskapsinteraksie aan die US behoort voorts in ooreenstemming met die **waardes van die Universiteit** te wees, en in besonder die volgende:

Deelname. Diegene op wie ons besluite 'n wesenlike impak het, moet wesenlike seggenskap in sodanige besluite hê.

Deursigtigheid. Ons besluite moet op duidelike en bekende oorwegings gegrond word.

Diensvaardigheid. Alles wat ons doen moet in die belang van die groot gemeenskappe van ons nabye omgewing, ons streek, ons land, ons vasteland sowel as die wêreld in die algemeen wees.

Verdraagsaamheid en wedersydse respek. Ons moet verskille in persoonlike oortuigings, standpunte en vorme van kulturele uitlewing respekteer. Ons moet streef na 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir grondliggende menseregte sowel as 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en *gemeenskapsinteraksie* in die hand werk.

Vakkundigheid. Ons navorsing, onderrig, *gemeenskapsinteraksie* en bestuur moet deur die inherente objektiwiteit en kritiese denke van uitmuntende vakkundige en wetenskaplike praktyk gekenmerk word.

Verantwoordelikheid. Ons moet daarna streef om verantwoordelik te wees – nie net deur die implikasies van ons optrede te deurdink nie, maar ook deur op die behoeftes van die groter gemeenskap, Suid-Afrika in sy geheel, ons vasteland en die wêreld in die algemeen te reageer.

Akademiese vryheid. As 'n verantwoordbare openbare hoëronderriginstelling:
(i) erken ons op institusionele, fakulteits- én departementele vlak ons reg om ons akademiese vryheid op 'n verantwoordelike wyse in onderrig en leer, navorsing sowel

as *gemeenskapsinteraksie* te beoefen; en

(ii) verwerp ons enige onbillike belemmering van ons pogings.

(Uittreksel uit die US se strategiese raamwerk, aangepas)

Individuele personeellede en studente moet met betrekking tot alle aspekte van enige gemeenskapsinteraksieprojek wat hulle onderneem, **wat gemeenskapsinteraksieprojekte insluit wat nie spesifiek vir die Universiteit se etiese goedkeuring ingedien is nie**, eties regverdigbaar optree.

Fakulteite en studentestrukture kan slegs gemeenskapsinteraksieprojekte **registreer** indien die fakulteitslede en studente wat in die betrokke projekte gemoeid is hierdie kode aanvaar.

In geval van 'n skending van hierdie kode deur **studente**, sal die tugmaatreëls vervat in die US-studentereëls geld.

In geval van 'n skending van hierdie kode deur **personeellede**, sal die tugmaatreëls vir personeellede vervat in die US-menslikehulpbronbeleid geld.